Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 3: Nommer 7 – 5 September 2025

## OUERLEIDING

## LENTE

### Tyd vir "*Spring cleaning*" en ligter leef



Die eerste tekens van die Lente wat oppad is, is die Clivias wat sierlik hulle oranje krone ten toon stel voor juffrou Marina se graad 7 klas. Daarmee saam word 'n vrolike uitbundige atmosfeer op die Lynnie werf ervaar.

Uiteindelik is Lente hier. Soos ons al die swaar wintersbaadjies en jasse begin wegbêre is dit dalk net die regte tyd om as 'n gesin ligter te begin leef.
Waar begin ek?

Beplan vooruit. Kyk as 'n gesin saam na die week wat voorlê. Skryf die belangrike gebeure neer en sit dit op waar almal dit kan sien.

Toetse, take, buitemuurse aktiwiteite ensovoorts. Kinders moet van jongs af ingesluit wees in die weeklikse beplanning sodat 'n verantwoordelikheidsin gekweek word.

Gee leiding, maar gee jou kind die verantwoordelikheid om byvoorbeeld daagliks self sy sportklere in te pak. Maak 'n lysie wat nodig is vir die week. Die week sal ligter wees as daar nie op die nippertjie aankope gedoen moet word en laataand geskarrel moet word vir inligting vir navorsingsprojekte nie.

Laat jou kind saam met jou sy speelgoed- en klerekas uitsorteer. Moet dit nie self doen nie. Besluit saam wat gedoen moet word met klere wat te klein geraak het, of speelgoed wat nie meer gebruik word nie. Indien dit geskenk word, maak jou kind deel van die proses.
Om ligter te leef verg dikwels 'n kopskuif. Kry jou eie prioriteite reg. Maak meer tyd vir jouself, jou gesin en die dinge wat regtig belangrik is. Leer om die klein vreugdes in elke dag raak te leef. Om minder skuldig te voel, om jouself en ander te vergewe.

Wees bewus van die nuwe seisoen. Kyk saam met jou kind na die nuwe blaartjies wat ontvou en alles wat groener is. Leer jou kind om stil te raak en die natuur se geluide werklik te hoor.

Vier saam die koms van Lente.



## SOMERSDRAG




**Maandag, 8 September is somersdrag verpligtend.**

## HERREGISTRASIE 2026




## AKADEMIE

### WISKUNDE

**Graad 4 projek**

Leerders maak 'n Wiskunde-geskenk boksie en versier met vorms. Leerders kry die geleentheid om 'n net te teken en dan te vou om 'n drie-dimensionele boksie te maak.



### NOORD-GAUTENG WETENSKAP EKSPO

Die junior Noord-Gauteng wetenskap ekspo het op Vrydag, 29 Augustus by Cornwall Hill College plaasgevind.

Daar was ongelooflike, innoverende take.
Die Lynnie-wetenskaplikes het puik presteer.

Hier volg die uitslae:
**Daniel Smith** ontvang 'n brons toekenning
**Henry Pawsey** en **Otto Olmesdahl ontvang** 'n silwer toekenning asook 'n spesiale toekenning vir hul goeie aanbieding.
**Frans du Toit** en **Cullen Naude** ontvang 'n silwer toekenning.
**Mia Labuschagne** en **Anro van der Walt** ontvang 'n goue toekenning.
**Jana-Mari Janse van Rensburg** en **Sanri Opperman** ontvang 'n goue toekenning.



## SPORT




**Inskrywings vir graad 1 - 7 is nou oop!**
Voltooi asseblief een inskrywingsvorm (Interhuis Swemgala Inskrywings 2025) volledig (een vir elke kind) voor of op Vrydag, 19 September 2025.

## LANDLOOP

Die afgelope naweek het vier landloop atlete die distrikspan gaan verteenwoordig by die Gauteng Kampioenskappe te Curro Midrand in Sagewood. Hier volg die uitslae:

Dogters o/9 – 28ste Elizabeth de Beer
Dogters o/10 - 8ste Lynicke Pienaar en
9de Lemay van der Westhuizen
Seuns o/11 – 26 ste Matthew Gavin

Baie sterkte aan Isabelle Barnard, Elizabeth de Beer, Charlotte Oelofsen, Lynicke Pienaar, Lemay van der Westhuizen, Lianka Palm, Zanelle Geertsema, Matthew Gavin en Malan Strijdom wat eerskomende Saterdag gaan deelneem aan die Suid-Afrikaanse Landloop kampioenskappe te Middelburg.







## TENNIS

Soos die tennis liga einde se kant toe staan wil ons vir elke speler dankie sê dat hulle die Lynnie waardes so mooi uitgeleef het. Die leerders vaar sover baie goed met hulle liga wedstryde en ons is baie trots op elke Lynnie wat ons skool op die tennisbaan verteenwoordig.







Lynnies – landloop, tennis en amper een van die dae swem!

## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE

### DANS EN HIP-HOP

Eike Bosch het verlede week aan die A-Arts Dans kompetisie deelgeneem.
Sy verwerf 'n 1ste plek in haar ouderdomsgroep vir haar Acro Solo en HipHop solo.

In haar groep items onderskeidelik vir Acro en Hip-Hop verwerf die groepe albei 'n 1ste plek.

Eike kwalifiseer ook vir die *Rising to Fame A-Arts Grand Final* wat in 2026 sal plaasvind.
Baie geluk en sterkte aan hierdie talentvolle danser!









### TUIMEL



Elrie Leuschner het tydens die *Gauteng Gymnastics Championship* in Tuimel Level 6 'n eerste plek behaal. Sy is ingesluit in die Gauteng span en sy gaan deelneem aan die "Nationals" te Port Elizabeth op 7 tot 10 Oktober. Baie geluk.
Ons glo en vertrou vir mooi uitslae.



## KULTUUR

### JUNIORKOOR

Die Juniorkoor het verlede week, Woensdag, 'n heerlike afsluiting gehou met 'n piekniek. Dit is altyd so lekker om te sien hoe die leerders uitsien en 'n piekniek geniet.

Daar is wel 16 lede wat nog oefen. Hulle sal deel wees van die stemopnamespan vir die Pre-Primêr se konsert.

Ons is baie trots op ons Juniorkoor. Oudisies sal binnekort plaasvind vir 2026.
Hou asseblief die kommunikasie op die klasgroepe dop. Die 'nuwe' koor sal dan in die 4de kwartaal begin oefen.

### REDENAARS

Die redenaars het met toewyding aan die Oppitong-afdeling deelgeneem. Die spanredenaars het besonder goeie uitslae behaal en die sprekers het ons skool se naam met trots en uitnemendheid hoog gehou.





**<u>Die spanne het die volgende uitslae behaal:</u>**

**A++**

**Graad 1:**
Lodewyk Swart, Lenard Steyn, Alex Minty en Henry Miles.

**Graad 2:**
WC Steyn, Noah Steyn, Bouwer van Aardt en Danelo de Kock.

**Graad 3:**
James Slabbert, Jayden Delport, Pierre Fourie en Hansie Olmesdahl.

**Graad 4:**
Neo Senkal, Micha-Jentz Nel, Luhard Janse van Vuuren, Dené Strydom, Nienke van Wyngaard, Minay Boshoff, Keanan Naudé, Vivier Niehaus, Sharné Pretorius, Olivia Opperman, Calyn van Staden, Alicia Schoeman, Gerhardt Swart, Sophia Swart, Caylem van Nieuwenhuizen en Seline van Nieuwenhuizen.

**Graad 5:**
Isabella de Kock, Mienke Els, Anru Oelofsen, Lienke Miles, Daniël Louw, Jean Roux, Barry Slabbert en Matthew Gavin.

**Graad 6:**
Jana-Mari Janse van Vuuren, Mark Wiggins, Hannes Krüger, Andreas Nel, Cullen Naudé, Bella Wolfaardt, Milandri Schalekamp en Livi Engelbrecht.

**Graad 7:**
Kyle Hudd, Liebe Nel, Abigail Ridgard, Milla Roux, Emke Pieterse, Lisa Botha, Ayva Potgieter, Kara Breed Laché Venter, Kirsten Swanepoel, Eulyla Marais en Sebentile Sibandze.

**A+**

**Graad 1:**
Stian van Wyngaard, Heinrich van der Vyver, Milla Grové, Ameli Wagenaar, Reinhardt Nel, Gustav du Plessis, Luan du Plessis en Nico Barnard.

**Graad 2:**
Samuel Smith, Jan van Zyl, Janu Korff, Ady Stander Isabella Krüger, Emily Stander, Nika Stander, Isabelle Schoeman, Isabelle Barnard, Hanna Nel, Taylor Vlotman en Annabel Pretorius.

**Graad 3:**
Malan Müller, Sibella van der Vyver, Cara Wagenaar, Rikus Geertsema, Elle Slabbert, Olivia Janse van Rensburg, Amoré van Tonder, Eike Bosch, Lené Nel, Elzé Coetzer, Alana Holtzhausen, Katryn Jonck, Zahn Potgieter, Charlotte Oelofsen, Ivan du Toit, Justin Vlotman.

**Graad 4:**
Mienke Gremels, Lynicke Pienaar, Cara Swanepoel, David McKechnie.

**Graad 5:**
Inger Nel, Kara van Huysteen, Milan Lotz, Marghite Vermooten, Milah Müller, Lea de Jager, Liam Burkett, Xander Steyn, Meoné Grobler, Jana-Marié van Heerden, Danru Bosch, Mieke Theron Melanje Maasdorp, Lumé Botha, Noah Heyns en Benjamin Ströfeldt.

**Graad 6:**
Isabella Ebersohn, Noami Hindmarsh-Russel, Anyé Naudé, Luca Naudé, Miané Swanepoel, Mariza Jonker, Amelie Barnard, Janru Krige, Frans du Toit, Annie van Niekerk, Esmé Booysen, Kaleb Wessels, Lanike Parsons, Simion Wessels, Elrie Leuschner en Jeanrich Tiedt.

**Graad 7:**
Jana de Kock, Leila Strijdom, Jean Slabbert, Brent Sparkham

**A**

**Graad 2:**
Kayden Willis, Richter Maritz, Wouter Rothman en Lian Eksteen.

**Die volgende spanne is deur na die Nasionaal Finaal van OPPIE TONG AF!**
**Welgedaan!**
**Hierdie is 'n uitsonderlike prestasie!**

**Graad 1:**
Henry Miles, Lodewyk Swart, Lenard Steyn en Alex Minty.

**Graad 3:**
James Slabbert, Jayden Delport, Pierre Fourie en Hansie Olmesdahl.

**Graad 4**:
Nienke van Wyngaard, Minay Boshoff, Keanan Nuade en Vivier Niehaus.

**Graad 5:**
Lienke Miles, Isabella de Kock, Anru Oelofsen en Mienke Els.

**Individuele redenaars:**
Baie geluk aan Danelo de Kock in graad 2.
Hy kwalifiseer vir beide Kansvatters en Oppie Tong Af se nasionale finale individuele redenaars.
Danelo ontvang 'n A++ in beide kompetisies se semi-finale.



Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.
Let wel: Spanredenaars-lede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**Redenaargedagte vir die week**:
*"Running and reading are the keys of life."* Will Smith

## KUNSTE AKADEMIE

**DRAMA**
Baie geluk aan juffrou Carli se dramaleerders met hulle puik uitslae by die Poort Kunsfees!

Ons wag in afwagting vir die beoordeling van die groepitems waaraan elke leerder deelgeneem het! Uitslae word middel September verwag.




**Foto: Lienke Miles, graad 5 en Henry Miles, graad 1 by die Poort Fees**

## PERSONEELVERJAARSDAE

**SEPTEMBER**
12 Elana Koekemoer (pre-prim ass)
22 Rushada Venter (naskool)

**OKTOBER**
1 Elisma Schroëder (o/w)
3 Estie van Wyk (pre-prim)
10 Keagan Fourie (intersen. ass)
11 Nicola Jansen (o/w) en
Mareli du Toit (pre-prim ass)
12 Morné Emery (o/w)
20 Chloé Avenant (pre-prim ass)
29 Ané Swart (pre-prim ass)
31 Quewy de Jager (pre-prim)





## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAG

**2025**
Kwartaal 3: Woensdag, 24 September: Publieke vakansiedag (Erfenisdag)
Skool sluit Vrydag, 3 Oktober
Kwartaal 4: 13 Oktober tot 10 Desember

**2026**
Kwartaal 1:14 Januarie tot 27 Maart
Kwartaal 2: 8 April tot 26 Junie
Kwartaal 3: 21 Julie tot 23 September
Kwartaal 4: 6 Oktober tot 9 Desember










Op Maandag 1 September het dit 'Lente gereën' by Lynnies. Die Dagbestuur het die dag versier met sambrele.
Die talentvolle Retief Burger het ons skool kom inspireer met 'n seënbede.













## 2025 KASKARDAG




## LYNNIES BIDGROEP




<u>BID VIR LYNNIES</u>

Woensdae 07:25 voor die hoofhek,
of in juffrou Ilsé se kantar.
Kontak Anlia 082 927 1020

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**










**Boukontrakteur**
**40 jaar in bedryf**

**Een stop diens – opgradering en aanbouings van wonings groot of klein**

**Loodgieter – elektries en staalwerke ingesluit**

**Kontak Frik 082 8013644**

